Januarie 2013

Rietfontein-Suid NG Gemeente

Junior Kategese Ouerbrief

Biddende Ouers kweek emosioneel geborge kinders

Sondagskoolafsprake

- Januarie - 13, 20, 27
- Februarie - **3**, 10, 17, 24
- Maart - 3, **10**, 17
- April - 14, 21 28
- Mei - 5, **12**, 19, 26
- Junie - 2, **9**
- Julie - 21, 28
- Augustus - 4, 18, **25**
- September - 1, 8, 15
- Oktober - 6, 13, 20, 27
- November - 3, 10, 17, **24**

Sleutel:

1. Vetgedrukte datums dui die Gesinne in Harmonie eredienste en waar kinders saam met ouers in die kerk is, aan
2. Onderstreepte datums dui die werkswinkels aan

Gesinne in Harmonie -

'n Maandblad gerig op ons ouers en grootouers, voogde en enigiemand wat in kinderopvoeding belangstel of betrokke is by die opvoeding van ons kinders.

Stuur jou epos-adres na Duimelita@gmail.com indien jy op die verspreidingslys ingesluit wil wees.

Andersins - kyk onder Die Koffiepot op ons webblad.

Sondagskool - hoe werk dit alles?

Liewe Ouers,

As jy hierdie brief ontvang, beteken dit dat jou kind/kinders by ons in die NG Gemeente van Rietfontein-Suid in die Junior Kategese of Kleuterkerk is.

In die omgangstaal praat ons sommer nog van Sondagskool.

Die doel van hierdie brief is om sommer net vir jou te vertel hoe alles by ons werk.

Sondagskoolafsprake

Die datums op die linkerkant is gelys sodat julle sommer die hele jaar se Sondagskool-datums byderhand het.

Daar is nie Sondagskool tydens langnaweke of vakansies nie, maar wel tydens die Nagmaals-dienste.

Sondae

08:50 - 10:15

Ons begin Sondae om 08:50 al saamsing in die saal. Om 09:00 begin die erediens vir al die kinders saam.

Malinda Rademeyer bied 'n diens aan waarin die liturgie gevolg word, maar op die kinders se vlak. Hulle kom dus nie eens agter dat daar 'n spesifieke patroon is nie.

Daarna verdaag hulle na hul onderskeie klasse waar hulle tot 10:15 gehou mag word.

Die Kategete doen dan 'n spesifieke les met die kinders.

Daar gaan baie voorbereiding in ons lesse in en ons wil dit so spesiaal moontlik vir die kinders maak.

Ons probeer tydens elke les die kinders se gedagtes en hulle hande besig hou deur altyd iets kreatief in te sluit wat hulle self moet maak.

Ons tyd is ongelukkig baie min en daarom vra ons dat julle nie voor 10:15 die kinders kom haal nie.

Werkswinkels

Elke laaste Sondag van 'n kwartaal probeer ons spesiale werkswinkels doen waar die kinders kans kry om in klasverband te teken / verf / plak en die tema van die kwartaal uit te beeld.

Ons nooi julle uit om te kom kyk na jul kinders se skeppings - dis wonderlik om te sien hoe hulle interpreteer wat hulle van God geleer het!

Gesinne in Harmonie

Maandelikse nuusblad

Die Bediening vir Diens het in April 2011 met 'n ouerondersteunings-inisiatief begin.

'n Maandelikse nuusbrief waarin allerhande onderwerpe ten opsigte van ouerskap en die Christen se gesinslewe bespreek word, is op ons webblad onder Die Koffiepot te kry.

Jy kan dit ook direk op jou rekenaar ontvang deur jou epos-besonderhede vir my deur te gee.

Gesinsdienste

Een erediens per kwartaal word spesifiek gewy aan ons gesinne.

Die datums is op die linkerkant ook aangedui sodat ouers dit sommer byderhand het.

Op hierdie Sondae is daar nie Sondagskool nie, sodat die kinders en ouers die geleentheid kry om saam as 'n familie die erediens by te woon.

Doen gerus die moeite om dit by te woon - jy sal nie spyt wees nie!

Rietfontein-Suid NG Gemeente

Kontakbesonderhede:

Lita Spreeth
Taakspan: Kinders

Selfoon: 082 453 8421
Epos (h): Duimelita@gmail.com
Epos (w): Lspreeth@sars.gov.za

Gemeente se webadres:

http://www.rietfontein-suid.ng.org.za/

Ons gee om!

Alle kinders van 3 jaar oud tot Graad 7 is welkom!

Kom maak kennis!

Hierdie jaar begin die Sondagskool op **13 Januarie** en ons kan nie wag om weer die ou gesiggies te sien en met die nuwes kennis te maak nie!

Registrasie sal reeds vanaf 08:30 plaasvind en die vorms daarvoor is op die webblad onder Taakspan vir Kinders beskikbaar, of by ons in die saal.

Ons wil graag die inligting op die vorms hê, sodat ons ook ons kinders se ouers kan kontak in 'n noodgeval of as daar iets spesiaal gebeur.

Kom maak gerus kennis met jou kind se kategeet - dis immers die een aan wie jy jou kind vir 'n hele uur op 'n Sondag toevertrou!

Die registrasiegelde is weer net R10, maar dit is 'n vrywillige bydrae en niemand is onder verpligting om dit te betaal nie.

Ons gebruik dit deur die jaar om papier, vetkryt, verf en sulke hulpmiddele aan te koop.

Kategete vir 2013

Hierdie is 'n voorlopige indeling-

Kinderdiens:
Malinda Rademeyer

Kleuters - (3-4 jaar)
Leoni Gobey
083 754 9405

Graad 0 / R
Susan Robbertse
084 586 9416

Graad 1
Martjie du Plessis
082 716 0791

Graad 2
Elbie Ferreira
073 2814 128

Graad 3
Talita Fourie
076 107 9988

Graad 4
Nicolette van Heerden
079 4995 858
en
Charmaine Breedt
083 962 0648

Graad 5
Elma du Plessis
079 1894 761

Graad 6
Charleen Viljoen
082 3771 379
en
Lita Spreeth
082 453 8421

Graad 7
Pieter Viljoen
082 5686 859

Die graad 7-klas bly steeds vir die hele jaar by ons so-dat hulle geleidelik na die Jeug oorgaan. Hulle begin reeds in die laaste kwartaal die aanddienste saam met die Jeug bywoon, maar bly nog tot die afsluiting deel van ons groep.

Ekstra hulp:

Daar is altyd ekstra hulp nodig, so meld gerus aan as jy geroepe voel.

Kom maak gerus kennis met jou kind se kategeet - of bied selfs aan om een Sondag deel te neem of te kom hand bysit!

As jy 'n spesiale talent soos musiek het, kom gerus een Sondag en kom leer vir die kinders 'n nuwe liedjie aan of kom neem sommer net deel.

Ons het ook hulp nodig met die versiering van ons klasse, maak van gordyne, ens. Enigiemand wat wil hand bysit (of 'n donasie gee), is welkom om ons te kontak of saam te kom kuier.

Saam in Sy Diens,
Lita Spreeth

Net 29 uur in 2013!

Normaalweg bestaan 'n jaar uit **365 dae** en **52 weke**.

Dit moet dus beteken dat daar **52 Sondae** in 'n jaar is.

As jy nou na die datums op die eerste bladsy kyk, sal jy sien dat daar , buiten die Gesinne in Harmonie Sondae, slegs **29 dae in 2013 vir Sondagskool** is - die werkswinkels ingesluit.

Aangesien die Sondagskool eintlik van 08:50 tot 10:15 is, maar ons nog tyd moet inreken vir administrasie en om almal op hul plekke te kry, beteken dit dat ons as Kategete eintlik **een uur op 'n Sondag** aan ons gemeente se kinders afstaan.

Kom ons maak nou hierdie som:

1 uur x 29 Sondae = 29 uur in een jaar!

Ons het dus 29 uur in een jaar om jou kind te leer ken, sy/haar geaardhede op te som, met hul hartseer en hul vreugdes rekening te hou en dan nog ook vir hulle op 'n sinvolle en konstruktiewe manier besig te hou en van God te leer.

Ons fokus by die Sondagskool is daarop om die kinders welkom te laat voel, vir hulle die praktiese toepassing van Bybelse beginsels te leer en uit te bou op dit wat hulle reeds tuis geleer het.

Die belangrikste vir 'n laerskoolkind is om te weet waar hy/sy hoort - dus om 'n Christus-geborgenheid by ons kinders te skep wat hulle voorberei op hul lewe as tieners en later as jong volwassenes.

Hoeveel uur het jy saam met jou kind?

Ons verstaan dat daar 'n groot getal van ons kinders is wat in enkel-ouer-huise grootword en sulke kinders het dus ook minder tyd saam met hul onderskeie ouers.

Boonop moet mens nog die skooltye en buitemuurse bedrywighede ook in aanmerking neem.

Ons as Kategete doen baie moeite om dit vir die kinders so lekker en leersaam moontlik te maak in die een uur op 'n Sondag.

Maar, ons kan net bou op fondamente wat reeds stewig gelê is.

Ons is daar om julle as ouers te help deur hande te vat in die geestelike onderrig van ons kinders.

Laat ons hierdie jaar dus saamwerk om te bou aan ons gemeente se kinders se Christus-geborgenheid!